

Versamelstuk

BENODIGDHEDE: Omega Nr. 8-hekelgare (50-g-bolle); die hoeveelheid hang af van lengte van rand wat gehekel word; hekelpen van 1,50 mm.

AFKORTING: gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek (steke); sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); vlg – volgende; herh – herhaal.

Spasie: 1lb om te begin; 2ks, slaan 2 ste oor, 1 lb in vlg st om sp te voltooi.


Blokkie: 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.

AANWYSINGS: Begin met 129ks, draai, 1lb in 4e ks vanaf hekelpen en volg daarna diagram vanaf stippellyn A-B, begin dus met 42 sps en blks in eerste ry.

Draai aan reguit rand altyd met 4ks, en vermeer en vermin aan geskulpte rand soos op diagram gesien kan word.


Hekel tot stippellyn C-D en herh daarna van A-B tot C-D soos benodig tot verlangte lengte bereik is.

Knip gare af en werk netjies af. ●



VERFRAAI DIE KASPLANKE

DIAGRAM ►



SLEUTEL TOT
DIAGRAM

□ – spasie

⊗ – blokkie